

24 Januarie

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-18 & 29-34

Fokusgedeelte: Johannes 1:1-4

HK, Vraag 24

God Drie-enig werk deur Jesus Christus, ons Middelaar

Het u opgemerk dat daar geen Skrifbewyse by Vraag en Antwoord 24 van die Kategismus voorkom nie? Ons gevolgtrekking kan wees dat hierdie antwoord tegnieks van aard is. Ons sit met droë feite.

Sondag 8 volg op Sondag 7. Laasgenoemde bevat ons belydenis dat ons deur die geloof aan Christus en sy weldade deel kry. Op sy beurt volg Sondag 7 op Sondag 6 se belydenis oor ons Verlosser. Al die Sondagafdelings vertrek as 't ware vanuit Sondag 1, wat bely dat ons enigste troos in lewe en in sterwe is dat ons met liggaam en siel aan ons getroue Saligmaker, Jesus Christus behoort.

Die lig wat die Heilige Gees deur Johannes aanskakel, is die lig van die Woord. Die middelpunt waarom alles draai, is dat die Woord die Lig vir die wêreld is. Hier kan sprake wees van die Skeppingswoord, naamlik God wat alles tot stand gebring het. Dit kan ook die Evangeliewoord wees, naamlik die blye nuus van ons verlossing deur Jesus Christus. Dit kan ook Verkondigingswoord wees, naamlik die Heilige Gees as die drywer van die Woord (2 Pet 1:21).

Ons belydenis beaam sistematies dat dit al drie is en ons verstaan uit Johannes 1 dat Christus die middelpunt is, omdat Hy in alles Middelaar is.

Sing: Skrifberyming 2-2:1 (Sb 34)

Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)